
# DIE SONDE VAN DRONKENSKAP



“By wie is Ag!’, by wie is ‘Wee my!’ by wie is getwis? by wie is geklaag? by wie is wonde sonder oorsaak? by wie is dofheid van oë? By die wat láát opbly by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe. Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie: op die end byt dit **soos ’n slang** en spuug gif uit soos ’n basilisk. Jou oë sal vreemde dinge (vroue) sien en jou hart verkeerde dinge spreek; en jy sal wees soos een wat in die hart van die see lê en soos een wat op die top van die mas lê. Hulle het my geslaan, sê jy dan, ek het geen pyn gevoel nie; hulle het my neergeslaan, ek het dit nie gemerk nie! Wanneer sal ek wakker word? Dan sal ek dit weer opnuut soek.” (Spreuke 23:29-36).

Daar is geen bedwelmende drank in die tuin van Eden nie. Vanaf die tyd van Adam tot die tyd van Noag, die eerste 1,600 jaar, was daar geen gisting en daarom ook geen alkoholiese dranke, en geen dronkenskap. Gisting, bederf, siekte en dood het in die wêreld gekom deur toenemende sonde. Gisting was vir Noag iets nuuts, en daarom was die gevolge vir hom onbekend. Sy dronkenskap het ’n vloek op Kanaän gebring. (Gen. 9:20-27).

## WAT SÊ GOD OMTRENT DRONKENSKAP?


Die woord van God is heeltemal duidelik in verband met die sonde van dronkenskap, en verklaar: “Geen dronkaard sal die koninkryk van God beërwe nie,” (tensy hy hom waarlik van sy sonde bekeer en dit laat staan).

**’n Wederstrewige seun onder die wet van Moses:** “As iemand ’n

koppige en wederstrewige seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie, en hulle hom tugtig, maar hy na hulle nie luister nie, dan moet sy vader en sy moeder hom neem en hom uitbring na die oudstes van die stad en na die poort van sy woonplek, en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: Hierdie seun van ons is koppig en wederstrewig, hy luister nie na ons nie, hy is ’n deurbringer en dronkaard. Dan moet al die manne van sy stad hom stenig, dat hy sterwe. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei, en die hele Israel sal dit hoor en vrees.” (Deut. 21:18-21). “Moenie wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou, . . . dat julle nie sterwe nie.” (Lev. 10:9). “Die wyn is ’n spotter, en sterk drank ’n lawaaimaker: en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie.” (Spr. 20:1). “Die konings . . . moet nie wyn drink nie, en die vorste moet nie sterk drank begeer nie; Gee sterk drank aan hom wat wil ondergaan . . .” (Spr. 31:4,6). “Wee hulle wat helde is om wyn te drink en wakker manne om sterk drank te meng.” (Jes. 5:22). “Wee hom wat aan sy naaste drank gee, . . . en hulle ook dronk maak om hulle naaktheid te aanskou.” (Hab. 2:15). “En ook die manne hier wankel (dwaal) deur die wyn en waggel deur die sterk drank; priester en profeet wankel deur sterk drank, hulle is verward van die wyn, hulle waggel van sterk drank, hulle wankel as hulle gesigte sien, hulle waggel by die regspraak. Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sodat daar geen (skoon) plek is nie.” (Jes. 28-7-8).

Sterk drank is nie voedsel nie, en ook nie noodsaaklik vir ons welstand nie. Dit is bedwelmend, en verwar die gedagte van die drinker. Dit gaan nie alleen in die maag nie, maar gaan ook na die brein, en oorheers die hele wese van die mens. Daarom sê die Apostel Paulus: “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid, maar word met die Gees vervul.” (Ef. 5:18).

## DIE TOONBEELD VAN ’n DRONKAARD



Wyn en bier maak van iemand ’n **Pou,** ’n **Aap,** ’n **Leeu,** of ’n **Vark.** Dit ondermyn sy wil en sy hele gestel. Wanneer iemand ’n **bietjie** gedrink het, word hy hoogmoedig. Hy dink dat hy slimmer, en sterker as al die ander is. Hy dink dat hy ook baie ryk is en begin sy geld deurbring,

koop drank vir sy vriende, en verkwis sy geld terwyl sy vrou en kinders byna omkom van honger en ander behoeftes. Hy besef nie dat hierdie gees van hoogmoed en ligsinnigheid hom beetgekry het nie. In die oë van ander is hy soos ’n **Pou.**

Nadat hy ’n bietjie meer gedrink het, begin hy baie omtrent homself praat, homself lof toeswaai en andere verkleineer. Hy begin grootpraat oor groot prestasies, wat nooit werklik plaasgevind het nie. As hy agterkom dat sy dwase praatjies ander laat lag, raak hy nog meer heldhaftig, en praat nog meer dwase dinge. Hy besef nie dat hy soos ’n **Aap** reageer nie.

As hy voortgaan om te drink, begin hy so sterk soos ’n leeu voel. Hy verkeer onder die indruk dat hy met almal en enigeen kan veg. Hy vrees niemand en niks, en wil alles en almal wat in sy pad kom, maak en breek. Hy brul soos ’n **Leeu,** en verlustig hom daarin wanneer sy vrou en kindertjies vrees – en skrikbevange van hom wegvlug.

Maar onderwyl hy voortgaan met drink, word sy verstand aangetas, omdat sterk drank soos ’n verterende vuur is wat sy dors laat toeneem. Hy begin waggel, en dit voel vir hom of die hele wêreld om hom draai. Sy uitpeulende oë sien snaakse dinge. Drank het die beste van hom gekry, en laat hom nou soos ’n **Vark** op die grond rondrol. Die pou, die aap, en die leeu is almal deur die vark oorwin. Die verslaafde maak selfs geluide soos ’n vark, en hy het homself benede ’n vark verlaag. Hierdie is die ware toonbeeld van ’n dronkaard. Daarom het God gesê dat geen dronkaard die koninkryk van God sal beërwe nie.

## VERLOSSING VAN DIE SONDE VAN DRONKENSKAP

“Word wakker, julle dronkaards, en ween! En huil, al julle wyndrinkers! Oor die mos, omdat dit van julle mond weggeruk is.” (Joël 1:5). Ware berou en belydenis van hierdie sonde aan God, en geloof in die verlossingswerk van Jesus Christus, sal verlossing meebring. “In Hom **het** ons die verlossing deur sy Bloed!” (Ef. 1:7). “Die wat dronk word, is in die nag (figuurlik) dronk. Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, want God het **ons** nie tot toorn bestem nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus.” (1 Thes. 5:7-10). “Want die Seun van die Mens het gekom om te soek en te **red** wat verlore was.” (Luk. 19:10). Dit sluit dronkaards ook in. “As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.” (Joh. 8:36). Jesus sê aan die Samaritaanse vrou: “As jy die **gawe van God** geken het . . . sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink

van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." (Joh. 4:10-14). "As iemand dors het, laat hom na my toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." (Joh. 7:37-38). "Kyk, daar kom dae, spreek die Here, Here dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor." (Amos 8:11). "O God, U is my God, U soek ek; my siels dors na U, my vlees smag na U. Soos 'n hart smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, die lewende God." (Psalm 63:2, 42:2-3). Liewe leser, u siel dors na die lewende God, Hy wat alleen daardie dors kan les. Sterk drank sal nooit u dors kan les nie, net so min as wat 'n mens 'n vuur kan blus deur petrol daarop te gooi. Alleen Jesus kan u sieledors bevredig, sowel as elke ander dors **na** rykdom, roem, plesier, mag, vroue (of mans). "U het ons tot U geskape en ons hart bly onrustig totdat dit rus vind in U." (Augustinus). "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want **hulle** sal versadig word." (Mat. 5:6). Niks ter wêreld kan die dors van die mens se siel waarlik bevredig nie – geen geld, besittings, 'n vrou (of man), sterk drank, tabak, danspartye of enige ander aardse plesier. Jesus is die Brood en Water van die Lewe. Hy kan waarlik versadig.

Kom na die Here Jesus toe – kom vandag nog. Strome van lewende water vloei uit die geskeurde rots, Jesus Christus. Toe Hy aan die kruis gehang het vir u en vir my, het Hy geroep: "Ek dors, Ek dors!" Jesus, die Fontein van Lewende Water, het van dors (dors om ons te red) gesterwe, om daar die sondige dors van u weg te neem, en u te bevredig. Gaan op u knieë en roep tot God, en Hy sal u uit die fontein van lewe gee om te drink. **"Laat hom wat dors het kom,** en laat hom wat wil (dit is u) die water van die lewe neem, verniet" "O, almal wat dors het (dit is u), **kom** na die waters!" (Open. 22:17, Jes. 55:1-2).

---

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:


**E-MAIL: info@angp.co.za**

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)

(Reg. No. 1961/001798/08)